

9de vergadering van die Afrika-inisiatief

Tshwane, 28 Mei 2021 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Mn. Edward Kieswetter, het die 9de byeenkoms van die Afrika-inisiatief toegespreek, wat aanlyn plaasgevind het van 26 tot 28 Mei 2021, as deel van Afrika-maand. Die konferensie was samelopend met die bekendstelling van die "Tax Transparency in Africa 2021: Africa Initiative Progress Report".

Die Afrika-inisiatief is bekendgestel in samewerking met die OECD-wêreldforum vir deursigtigheid en uitruil van inligting vir belastingdoeleindes in 2014, om seker te maak dat Afrika-lande bekwaam is om die verbeteringe te gebruik in wêreldwyse deursigtigheid en uitruil van inligting om belastingontduiking beter aan te spreek.

Kommissaris Kieswetter, wat ook die ondervoorsitter is van die Afrika-inisiatief, was mede-voorsitter van die konferensie met sy eweknie, die kommissaris-generaal van die Keniaanse inkomstediens Mn. Githii Mburu, wat die voorsitter is van die Afrika-inisiatief.

Kommissaris Kieswetter het gesê dat belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting lewensbelangrik is omdat besigheidsmodelle meer en meer ontwikkel om meer digitaal, nie-plaaslik en virtueel te wees, en dat fisiese grense minder relevant is in die produksie en beweging van goedere en dienste, elk van ons individuele nasionale belastingbasisse is onder konstante bedreiging van erosie.

"Ons belastingregte word voortdurend gekortwiek. Die ryker lande mag voorkom om korttermyn verloorders te wees, en armer ontwikkelende lande kan voortdurend verloor. Om die waarheid te sê, oor die langtermyn, is ons as inkomste-administrateurs, tesame met ons regerings, waarskynlik die grootste verloorders. Dit was nog nooit meer verstandig as nou vir die aanneem van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting standarde deur alle inkomste-owerhede nie, veral ons as Afrika-inkomste-owerhede," het hy bygevoeg.

Die afgelope drie jaar is gekenmerk deur 'n konstante toename in die inwerkingstelling van belastingdeursigtigheid en die uitruil van inligting standarde in menige Afrika-lande met belowende uitslae.

"Ons kan egter nie 'n vroeë oorwinning verklaar nie, daar is steeds baie om te doen. Afrika belasting-owerhede het dit eens dat die behoeftte aan vaardige belasting-beamptes en doeltreffende uitruil van inligting infrastruktuur lewensbelangrik is vir algehele sukses. Die voortgesette ontwikkeling van belastingdeursigtigheid is sleutel tot die versekering van belastingnakoming en die Afrika-inisiatief moet sy lede deurgans bystaan deur sterk tegniese en kapasiteitsbouende hulp.

Die byeenkoms neem kennis dat, ten spyte van die uitdagings wat deur die Covid-19-pandemie, Afrika-lande netto stuurdere geword het vir uitruil-van-inligtingversoek vir die eerste keer na noemenswaardige toename in uitruil-van-inligtingverdragte na meer as 3 700 bilaterale verhoudings in 2020, toegeneem vanaf nagenoeg 2 500 in 2019.

Daarby gaan vordering voort met die inwerkingstelling van outomatiese uitruil van inligting (AEOI) met Nigerië wat in 2020 begin uitruil en sodoende by Ghana, Mauritius, Seychelles en Suid-Afrika aansluit. Morokko en Kenia sal met uitruiling begin in 2022.

Sedert 2009, het die uitruil van inligting Afrika-lande in staat gestel om meer as EUR 1.2 miljard in bykomende inkomste (belasting, rente en boetes) te identifiseer. In 2020 alleen, het Afrika-lande meer as EUR 34.8 miljoen in bykomende belasting geïdentifiseer na gevolg van uitruil van inligting op versoek (EOIR), en dit word verwag dat die bedrag drasties sal toeneem in die jare wat voorlê terwyl belasting-administrasies in Afrika verder ontwikkel en hul uitruil-van-inligtingnetwerke en -kapasiteite verfyn.

Ter afsluiting van die konferensie, het kommissaris Kieswetter die belangrikheid van die Afrika-inisiatief en die se 2021-aksieplan herbevestig. "Afrika is nie arm nie, so waarom is Afrikaners arm? Dit is ons plan wat ons hier bevestig vandag, ter voordeel van ons lande en die kontinent as 'n heel, elkeen van ons behoort die plan aan te neem en dit in werking te stel.

As daar ooit 'n gebied is vir belasting-administrasies om saam te werk, is dit in die gebiede van belasting-deursigtigheid en uitruil van inligting. Dit is slegs deur noue samewerking dat ons geld kan oes wat reeds deel is van ons belastingregte en so die lewens van gewone Afrikaners verbeter, veral diegene wat gemarginaliseer is. Ek los julle met die volgende Afrika-spreuk terwyl ek die sessie afsluit - indien jy wil vinnig gaan, gaan alleen, indien jy wil ver gaan, gaan saam met mekaar."

Vir meer inligting oor die Afrika-inisiatief, verwys na die volgende:

- [*Statement of outcomes of the 9th Africa Initiative meeting, 26 – 28 May 2021*](#)
- *Tax Transparency in Africa 2021: Africa Initiative Progress Report* (<https://www.oecd.org/tax/transparency/documents/tax-transparency-in-africa-2021.htm>)